



Hoërskool Swartland Beheerliggaam Verhuringsbeleid

Opgestel deur Beheerliggaam

P Bester
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum:



VERHURINGSBELEID

Hierdie dokument is die verhuringsbeleid van Hoërskool Swartland, wat Die Skoolbeheerliggaam goedgekeur het. Die beleid erken die grondliggende waardes in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996, sowel as die toepaslike bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (hierna 'die Skolewet').

Ingevolge artikel 13 en 55 van die Skolewet is die staat, en nie Die Skool nie, die eienaar van die grond en geboue wat deur Die Skool beset word. Die Skool het egter gebruiks- en besettingsreg ten aansien van die eiendom.

Artikel 13(2) van die Skolewet bepaal soos volg:

“13. Openbare skole op Staatseiendom

(2) Behoudens artikel 20(1)(k) het 'n openbare skool wat vaste eiendom okkupeer wat deur die Staat besit word, die reg om, vir die duur van Die Skool se bestaan, die vaste eiendom te beset en te gebruik tot voordeel van Die Skool vir opvoedkundige doeleindes by of in verband met Die Skool.”

Ingevolge artikel 20(1)(g) van die Skolewet moet Die Skoolbeheerliggaam Die Skool se eiendom, wat insluit die geboue en grond wat Die Skool beset, administreer en beheer sonder dat dit op enige manier inmeng met die inwerkingstelling van 'n besluit van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) of Departementshoof wat ingevolge enige reg of beleid geneem is.

Hierdie beleid reël die verhuring van die geboue, terrein en fasiliteite van Die Skool.

(1) In hierdie beleid tensy uit die samehang anders blyk beteken-



‘die Wet’ die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, Wet 84 van 1996 en die maatreëls daarkragtens uitgevaardig

“Ampsdraer” ‘n ampsdraer in artikel 7.1 van Die wet na verwys.

“Beheerliggaam” die wetlik gekonstitueerde Beheerliggaam van Hoërskool Swartland soos in Artikel 16(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, Wet 84 van 1996, bedoel.

“Borgliggaam” ‘n liggaam of groep persone deur die Beheerliggaam goedgekeur en wat bereid is om Die Skool finansiëel te ondersteun.

“departementshoof” die hoof van die departement van Onderwys in die Provinsie Wes-Kaap

“eft” Elektroniese oorbetalings van fondse

“leerder” ‘n leerling van Die Skool

“Lid van die Uitvoerende raad (LUR)” die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir onderwys in die provinsie Wes-Kaap.

“lid” iemand wat lid van die Beheerliggaam is

“maatreëls” die maatreëls betreffende die Beheerliggame van gewone openbare skole (uitgesonderd openbare skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte); of die maatreëls betreffende beheerliggame van openbare skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte (ingesluit openbare skole vir leerders kragtens Die Kinderwet, 2005, Wet 38 van 2005, en die Strafproseswet, 1977, Wet 51 van 1977, daarheen verwys of oorgeplaas is); en

“voorsitter” die voorsitter van die Beheerliggaam

“ondervoorsitter” die ondervoorsitter van die Beheerliggaam

“onderwys” onderrig, instruksies of opleiding wat ingevolge die Wet aan leerders verskaf word.

“sekretaris” die sekretaris van die Beheerliggaam

“tesourier” die tesourier van die Beheerliggaam

“uitvoerende komitee” die uitvoerende komitee van die Beheerliggaam

“verantwoordelike persoon” die persoon wat deur die Skoolhoof skriftelik aangestel word om die verhurings van Die Skool te behartig

- (2) Die opskrif by elke artikel en of voetnota’s wat in hierdie beleid voorkom, moet nie in die uitleg van enige bepaling van hierdie beleid gebruik word nie.

1. **NAAM VAN SKOOL**

Hoërskool Swartland (hierna Die Skool genoem)

2. **STRAATADRES VAN DIE SKOOL**

Dirkie Uysstraat



Malmesbury
7300

3. POSADRES VAN SKOOL

Posbus 253
Malmesbury
7299

4. STATUS VAN SKOOL

Die Skool is 'n regs persoon met die wetlike bevoegdheid om sy werksaamhede ingevolge die Wet te verrig.

Verhuring van vaste eiendom

Artikel 36(1) van die Skolewet verplig die beheerliggaam van Die Skool om alle redelike maatreëls in sy vermoë te tref om die hulpbronne van Die Skool aan te vul. Die verhuring van Die Skooleiendom kan vir hierdie doel aangewend word.

Ingevolge artikel 36(4) van die Skolewet mag die beheerliggaam slegs met die LUR se goedkeuring die vaste eiendom van Die Skool verhuur selfs al beskik Die Skool oor artikel 21-status. Sodanige verhuring moet geskied om vir skoolaktiwiteite voorsiening te maak of om Die Skoolfonds aan te vul.

Dit gebeur soms dat die beheerliggaam op kort kennisgewing versoek word om skooleiendom te verhuur en daar nie genoeg tyd is om by die LUR om goedkeuring aansoek te doen nie. Die beheerliggaam oorkom hierdie probleem deurdat 'n eenmalige aansoek by die LUR ingedien is met die onderstaande lys van algemene verhuringsaktiwiteite van Die Skool.

Die volgende verhurings word in die beleid aangespreek

- i. Die Freek Stander Sportkompleks
- ii. Die Huis agter die Sportkompleks
- iii. Die Sportvelde van Die Skool
- iv. Die Astro hokkie-baan



- v. Huis Van Imhoff en Huis Van Zyl eetsaal en studielokaal
- vi. Die Skoolsaal
- vii. Klaskamers in Die Skool
- viii. Die Skool se voertuie
- ix. Die koshuise as verblyf
- x. Losies – tydelike klaskamers (bedrag soos ooreengekom deur partye)

Jaarlikse aanpassing van verhuringsbedrae

Verhuringsbedrae sal jaarliks deur die Beheerliggaam (Hierna verwys na as BL) hersien word gedurende die jaarlikse BL begrotingsproses en voorgelê word vir goedkeuring by die Ouer Begrotingsvergadering. Die nuwe verhuringsbedrae sal as 'n aanhangsel tot hierdie beleid aangevoeg word en onderteken en gedateer word deur die Voorsitter van die BL en Die Skoolhoof. Verhoogde huurbedrae sal van toepassing wees vanaf 1 Januarie elke jaar en alle partye wat deur die jaarlikse verhoging geraak word sal skriftelik deur Die Skoolhoof of sy gedelegeerde in kennis gestel word voor of op 30 November elke jaar.

Betaling van huur

Indien die betaling van huurgeld in die Finansiële Beleid van Die Skool aangespreek word en die terme in die Finansiële Beleid verskil van die terme in hierdie beleid sal die terme in die Finansiële Beleid geld.

Huur is vooruitbetaalbaar vir maandelikse huurkontrakte asook vir enige eenmalige verhuring. Huur word in die Bankrekening van Die Skool inbetaal ten minste drie dae voor die einde van die maand of voor die eenmalige verhuringsdatum wanneer dit per EFT gedoen word, sodat die geld in die bank van Die Skool kan reflekteer alvorens die verhuring plaasvind. Kontant kan op die dag van verhuring by die Verantwoordelike persoon inbetaal word. Kwitansies moet op die amptelike kwitansieboek van Die Skool uitgereik word vir alle betalings van huur.

Waar oorhandiging van sleutels ter sprake is word sleutels afgehaal by die verantwoordelike persoon. Sleutels sal slegs oorhandig word wanneer huurgeld klaar inbetaal is. Sleutels moet



die eerste skooldag nadat die funksie plaasgevind het by die verantwoordelike persoon ingehandig word. Indien dit nie gebeur nie kan die huurder sy deposito verbeur.

'n Deposito gelykstaande aan 50% van 'n eenmalige huurbedrag, behalwe by die Huurhuis waar daar een maand se deposito gehef sal word, is vooruitbetaalbaar saam met die huurgeld. Die huurder is aanspreeklik vir enige skade of breek van artikels en/of eiendom. 'n Faktuur sal na die tyd, nadat 'n evaluering gedoen is, hiervoor uitgereik word en van die deposito verhaal word waarna die deposito aan die huurder terugbetaal sal word. Geen rente word op deposito's betaal nie.

Verhuringsooreenkomste en reëlings

Indien die Finansiële Beleid van Die Skool verhuringsooreenkomste aanspreek en daar 'n teenstrydigheid is met die terme vervat in hierdie beleid sal die terme in die Finansiële Beleid geld.

Alle verhuring word deur die verantwoordelike persoon, soos gedelegeer deur Die Skoolhoof, hanteer. Besprekings en die afhaal van sleutels kan slegs tydens skoolure gedoen word. Besprekings kan telefonies gemaak word maar moet skriftelik of per e-pos bevestig word. Besprekings moet in die besprekingsboek ingeskryf word wanneer dit bevestig is sodat daar geen dubbelbesprekings kan plaasvind nie. Geen besprekings aan buite instansies word gemaak alvorens Die Skool se jaarprogram vasgestel is nie. Die besprekingsboek moet te alle tye op datum en beskikbaar wees vir inspeksie deur die BL.

Die Freek Stander Sportkompleks

Die Freek Stander Sportkompleks saal word slegs aan borge, donateurs, skool se personeellede, lede van Die Skool se komitees, oudskoliere en plaaslike Laerskole verhuur. Enige verhuring aan ander instansies moet deur die BL goedgekeur word. Sien Aanhangsel A vir tariewe.

Geriewe ingesluit by die verhuring



By al die bogenoemde tariewe is die volgende ingesluit:

- Tafels en stoele
- Breekgoed en eetgerei
- Skoonmaak van die saal na die funksie (volgende dag) of Maandag indien die funksie oor 'n naweek plaasgevind het.

- **LET WEL: Huurders is verantwoordelik vir eie tafeldoeke. Tafeldoeke is slegs vir Die Skool se eie gebruik beskikbaar.**

- **Breekgoed, eetgerei en ander toerusting in die saal word nie apart uitverhuur nie – dit gaan saam met die sentrum en word slegs daar gebruik. Al wanneer dit uit die saal vervoer mag word, is by Die Skool se eie groot funksies waar die bestaande breekgoed en toerusting in Die Skool nie genoeg is nie, byvoorbeeld vir die Matriekafskeid.**

Algemene ordereelings

- o Dans word wel toegelaat, maar die musiek moet teen 23:30 stilgemaak word om omliggende inwoners te akkommodeer.
- o Geen glase of bottels mag op die pawiljoenarea of die veld gelaat word waar leerders sport moet beoefen nie.
- o Mondigwordings, 16de en 18de en 21ste verjaarsdae en troues word nie in die sportsentrum geakkommodeer nie weens die risiko van glase op die veld weens onvoldoende toesig. Huis van Imhoff en Huis Van Zyl se studiesaal en eetsaal is hiervoor beskikbaar. Hierdie lokale is ook vir ander funksies beskikbaar indien die sportsentrum reeds bespreek is. Dieselfde tariewe geld soos vir die sportsentrum.
- o Personeel en beheerliggaamlede betaal dieselfde tariewe soos bo uiteengesit – geen afslag of gratis uitverhuring geld nie.
- o Die Skool behou die reg voor om enige toerusting in die saal in die kluis toe te sluit tydens 'n skool of buite-instansie se funksie.

Die Huis agter die Freek Stander Sportkompleks

Die huis agter die Freek Stander Sportkompleks sal verkieslik aan 'n personeellid van Die Skool verhuur word met die doel dat so 'n persoon 'n opsigterrol oor die Freek Stander Sportkompleks en die sportvelde kan vervul. Indien die Huis verhuur word sal die volgende geld:



Huurbedrag:

Die huurbedrag sal jaarliks hersien word volgens hierdie beleid en die bedrag sal ook in die eerste jaar van 'n nuwe BL se aanstelling met 'n Eiendomsagent geverifieer word d.w.s elke twee jaar. Sien Aangangsel A vir huurbedrag.

'n Kontrak sal ooreenkomstig die bepalings van die Finansiële beleid deur die gedelegeerde verteenwoordiger(s) van Die Skool en die Huurder onderteken word en op lêer by die skoolhoof gehou word.

Die Sportvelde en fasiliteite van Die Skool

Die fasiliteite sluit in die rugbyvelde, krieketveld, netbalbaan(e), tennisbane en die Astro hokkie-veld en tariewe soos in Aangangsel A geld.

Die fasiliteite kan slegs uitverhuur word wanneer Die Skool nie sport daarop beoefen nie. Uitverhuring sluit slegs die velde in en nie die Freek Stander Sportkompleks nie. Verhuring van die Freek Stander Sportkompleks kan op diskresie van Die Skoolhoof en op tariewe soos hierbo gespesifiseer saam met die fasiliteite uitverhuur word.

Algemene orde-reelings:

Geen voertuie mag op die velde getrek word nie. Parkering slegs in aangewese parkeerareas of in die strate aangrensend.

Geen gebruik of verkoop van alkohol word binne die sportterreine toegelaat nie.

Die korrekte sporttoerusting en skoene moet vir elke fasiliteit gebruik word.

Geen eetgoed en drinkgoed mag op die baan gebruik word nie behalwe dit wat in die normale beoefening van die sport toelaatbaar is nie (energie drankies, water, energie stafies, ens.)

Enige gebreke of skade wat gelei word tydens die uitverhuring sal van die deposito van die huurder verhaal word.

Die Snoepie word deur die skool bedryf en winste sal tot die skool se voordeel aangewend word. Indien die skool om een of ander rede nie die snoepie self kan bedryf nie, kan die



snoepie uitverhuur word onderhewig aan 'n tarief bedrag soos onderling met die Beheerliggaam ooreengekom.

Huis Van Imhoff en Huis Van Zyl eetsaal en studielokaal

Tariewe en reëlings dieselfde as vir die Freek Stander Sportkompleks (Sien Aansluiting A)

Die Skoolsaal

Die verhuring van Die Skoolsaal kan slegs geskied as Die Skool nie die saal gaan gebruik nie.

Sien Aansluiting A vir tariewe.

Die klaskamers in Die Skool

Klaskamers kan slegs verhuur word buite normale skoolure en wanneer klaskamers nie deur Die Skool benodig word nie. Die huur van die klaskamer sluit nie die gebruik van interaktiewe witborde of rekenaartoerusting in nie – dit is slegs die gebruik van die lokaal met sy skoolbanke. Huur sal slegs gevra word waar die aanbieding in die klaskamer nie deel is van Die Skool se kurrikulum nie. Die rekenaarlokaal is nie beskikbaar vir verhuring nie.

Sien Aansluiting A vir tariewe.

Die Skool se voertuie

Die Skool se voertuie is nie beskikbaar vir uitverhuring nie. Die voertuie kan na oorweging en goedkeuring van die BL slegs beskikbaar gestel word waar Die Skool se kinders in kerkverband of sportverband 'n geleentheid gaan bywoon. Die BL sal diskresie gebruik om te bepaal of huur wel gevra sal word al dan nie.

Die koshuise as verblyf

Verblyf in die koshuise van Die Skool kan slegs uitverhuur word wanneer Die Skool dit nie gebruik om ingeskrewe leerders van Die Skool tydens die skoolkwartaal te huisves nie. Indien daar wel plek in een van die koshuise beskikbaar is gedurende die skoolkwartaal en



die BL keur 'n aansoek vir die verhuring goed kan so 'n verhuring voortgaan. Ingeskrewe leerders wat wel van koshuisverblyf gebruik maak kan wel gevra word om die koshuis te ontruim gedurende skoolvakansies om verhuring moontlik te maak.

Verhuring sluit in:

1. Beddens
2. Matrasse
3. Geen beddegoed. Huurder moet eie beddegoed verskaf
4. Ontbyt
5. Kospakkies en aandete kan vanaf 'n spyskaart, wat spesifiek vir elke geleentheid beskikbaar gestel word, elke dag in die oggend bestel en betaal word.

Enige gebreke of skade wat gelei word tydens die uitverhuring sal van die deposito van die huurder verhaal word.

Sien Aanhangsel A vir tariewe.



Aanhangsel A

Tariewe

Die Freek Stander Sportkompleks

Die volgende huur opsies is beskikbaar:

1. Verhuring: R800 per dag
Deposito: R400
Hierdie tarief is vir funksies waar die kombuis ingesluit is vir kookgeriewe (dit gaan hier oor elektrisiteitsverbruik).
2. Verhuring: R600 per dag
Deposito: R300
Hierdie tarief is vir funksies waar huurders nie die kombuis wil gebruik vir kookgeriewe nie. Etes word dus nie daar voorberei nie, slegs vingeretes of buite-braai geriewe.
3. Verhuring: R300 per geleentheid van minder as 3 ure
Deposito: R150
Hierdie tarief is beskikbaar vir funksies/seminare/vergaderings vir 3 uur of minder, soos byvoorbeeld Boerevereniging, VLV, Afrikanerbond of ander komitees. Etes word nie in die kombuis voorberei nie, slegs vingeretes of buite-braai geriewe.
4. (Nul) tarief
Hierdie nul tarief is slegs op skoolfunksies van toepassing – gewoonlik aktiwiteite wat op die datumlys van Die Skool geboek is, of wat deur die hoof van die spesifieke aktiwiteit by die verantwoordelike persoon bespreek word.

‘n Nultarief word ook soms in oorleg met Die Skoolhoof en beheerliggaam oorweeg vir instansies wat nie winsgewend van aard is nie, of wat reeds ‘n groot borg van Die Skool is, soos byvoorbeeld: KANSA, Lions klub, SPAR en Pick ‘n Pay.
5. WKOD tarief
Die WKOD het ‘n vasgestelde tarief (word jaarliks aangepas) per funksie en is nie onderhandelbaar nie.



6. Reünies: Ons wil graag reünies onder ons oudleerders aanmoedig. Die tariewe vir die verhuur is egter klaar baie billik en 'n verlaging in tarief kan per geval deur die BL oorweeg word.

Die Huis agter die Freek Stander Sportkompleks

Die huurbedrag wat sal geld vanaf 1 Januarie 2018 is R4,800 per maand. Die Huurbedrag sluit redelike gebruik van water en elektrisiteit in.

Die installasie van 'n koopkrag meter sal in die nabye toekoms deur die beheerliggaam oorweeg word.

'n Deposito van R4,800 is vooruitbetaalbaar saam met die eerste maand se huur.

Die Sportvelde en fasiliteite van Die Skool

Huurbedrag vir die A-rugbyveld: R5,000 per dag

Deposito: R2,500

Huurgeld vir ander rugbyvelde: R3000 per dag

Deposito: R1,500

Huurbedrag vir die Krieketveld: R3,000 per dag

Deposito: R1,500

Huurbedrag vir die Netbalbaan(e): R3,000 per dag

Deposito: R1,500

Huurbedrag vir die Tennisbane: R3,000 per dag

Deposito: R1,500

Huurbedrag vir die Astro hokkie-baan:

Deposito: 50% van die totale huurtarief

Dagtarief : R5,000 per dag (10 ure maks)



Uurlikse tarief volbaan: R600/uur

Halfbaan : R400 per uur

Langtermyn verhuring : Soos per geskrewe kontrak met die Beheerliggaam ooreengekom

Huurgeld vir hokkie grasbane:

R3000 per dag

Huis Van Imhoff en Huis Van Zyl eetsaal en studielokaal

Tariewe en reëlings dieselfde as vir die Freek Stander Sportkompleks

Die Skoolsaal

Maandelikse vasgestelde verhuring soos vir kerkdienste: R2000 per Maand

Deposito R1000

Die klaskamers in Die Skool

Huurbedrag per klaskamer: R100/uur

Geen deposito verlang

Die koshuise as verblyf

Huurbedrag per persoon bed en ontbyt: R200

Oornagtartief: R130 per persoon (besoekers bring eie beddegoed, andersins R160)

Ontbyt: R50

Middagete: R60

Aandete: R60

Groepsdeposito van helfte van die totale bedrag bevestig die bespreking.

Volle bedrag betaalbaar 5 dae voor die aanvang van die verhuring – uitsluitend die deposito.

Enige gebreke of skade wat gelei word tydens die uitverhuring sal van die deposito van die huurder verhaal word.



Beleids wysigings

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG

VAN _____ .

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof